# Eenheid 19 Musieknotasie van die G-sleutel en lettername van note

**Sleutelwoorde**

**G-sleutel:** dui musieknote van middel-C af opwaarts aan
**toonhoogte:** die hoogte of laagte van 'n klank
**bassleutel:** dui musieknote van middel-C afwaartds aan

**Nota**

Tekens wat as skuiftekens bekend staan, word voor die note geskryf om hulle hoër of laer te maak. Daar is drie soorte skuiftekens: kruis, mol en hersteltekens. Kruis en mol is die swart sleutels op die klavier.

## Note op reëls en in die ruimte op 'n G-sleutel, asook hulle verskillende toonhoogte

Jy het geleer dat die notebalk vyf reëls het. Jy het ook geleer dat jy note op die notebalk kan skryf deur die reëls of die spasies tussen die lyne te gebruik. Daar moet altyd 'n G-sleutel of 'n bassleutel aan die begin van die notebalk wees.

Die **G-sleutel** dui musieknote aan van middel C opwaarts. Die note klink hoër soos wat hulle opwaarts beweeg. Die **toonhoogte** van 'n klank dui op die hoogte of laagte. Die biepklank van 'n mikrogolf is byvoorbeeld 'n hooggestemde klank, terwyl die gerommel van donderweer 'n laag gestemde klank is.

Die **bassleutel** dui die note aan van middel C afwaarts. Die note klink laer soos wat hulle afwaarts beweeg.


'n G-sleutel word in die diagram in die kantlyn aangetoon. Oefen om die G-sleutel te skryf.




*Die G-sleutel begin op die tweede reël*



Musieknote is na die eerste sewe letters van die alfabet vernoem. Die wit note gaan op van A tot G en herhaal dan weer van A tot G. Die laagste noot op 'n klaviersleutelbord is 'n 'a'.











## Aktiwiteit 19.1 Settername van note

25 minute

Voordat julle begin, sal die onderwyser julle 'n opwarmingsaktiwiteit laat doen. Aan die einde sal julle 'n afkoelingsaktiwiteit doen.

1. a) Pas die volgende note in Kolom A by die regte antwoord in Kolom B:
   b) Skryf nou 'n paar van jou eie note neer.
2. a) Hoeveel reëls het hierdie notebalk?
   b) Hoeveel spasies het hierdie notebalk?
   c) Wat is die letternaam van die noot op die tweede reël?
   d) Wat is die letternaam van die noot in die eerste spasie?
   e) Word musieknote hoër of laer soos wat hulle hoër op die notebalk beweeg?
   f) Waarom, dink jy, moet daar 'n stelsel van musieknote vir musikante bestaan?

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.  | G<br>Kwartnoot |
| 2.  | A<br>Halwenoot |
| 3.  | C<br>Agstenoot |
| 4.  | E<br>Heelnoot |
| 5.  | B<br>Heelnoot |